

FEITEBLAD OOR COVID-INENTING

Daar is baie wetenskaplike bewyse dat die entstof ons uitstekende beskerming bied teen die koronavirus. Inenting kan verhoed dat baie van ons baie siek word van hierdie siekte.



Algemene inligting

Wat is 'n entstof?

'n Entstof word gebruik om jou immuunstelsel te op lei om 'n infeksie te kan hanteer en in die toekoms te beveg.

Is daar 'n entstof vir COVID?

Ja. In Suid-Afrika is die Johnson & Johnson-entstof aan 'n halfmiljoen gesondheidswerkers verskaf deur die Sisonke-program vir Vroeë Toegang. Nog 31 miljoen dosisse van hierdie entstof (wat 31 miljoen mense dek) is bestel en die eerste besending is in die tweede kwartaal van 2021 afgelewer. Die entstof sal beskikbaar gestel word onder die handelsnaam Janssen COVID-entstof™ wat 'n aanduiding is van die vennootskap tussen Johnson & Johnson en die Belgiese maatskappy Janssen. Altesame 20 miljoen dosisse (wat genoeg is vir 10 miljoen mense) van die Pfizer/BioNTech-entstof (onder die handelsnaam Comirnaty™) sal vanaf Mei beskikbaar gestel word. Albei hierdie entstowwe beskerm teen COVID wat deur beide die Beta (B.1.351)- en Delta (B.1.617.2)-variant veroorsaak word wat in Suid-Afrika rondgaan. Albei entstowwe is getoets vir veiligheid, en veiligheid word voortdurend gemonitor.

Oor die entstof

Wat is in die entstof?

Alle COVID-entstowwe bevat instruksies vir die piekproteïen op die koronavirus. Die Johnson & Johnson-entstof bevat 'n adenovirus wat gemodifiseer is sodat dit nie siekte kan veroorsaak of in mense vermenigvuldig nie. Die Pfizer/BioNTech-entstof bevat 'n boodskapper-RNA(mRNA)-fragment. Die entstowwe disintegreer natuurlik binne dae nadat hulle jou immuunstelsel opdrag gegee het om op die piekproteïen op die koronavirus te reageer. Die entstowwe bevat ook die volgende onaktiewe bestanddele:



Johnson & Johnson-entstof:

- Natriumchloried
- Sitroensuurmonohidraat-buffer
- Polisorbaat 80
- 2 hidroksipropiel- -siklodekstrien (HBCD)
- Etanol (absoluut)
- Natriumhidroksied
- Water vir inspuiting

Pfizer/BioNTech-entstof:

- ALC-0315 = (4-hidroksibutiel) azanediyl) bis (heksaan-6,1-diyl) bis(2-heksieldekanoaat)
- ALC-0159 = 2-[(poliëtileenglikol)-2000]-N,N-ditetradesilasetamied
- 1,2-Distearoyl-sn-glisero-3-fosfocholien
- cholesterol
- kaliumchloried
- kaliumdiwaterstoffosfaat
- natriumchloried
- dinatriumwaterstoffosfaaddihidraat
- sukrose
- water vir inspuitings

Nie een van die entstowwe bevat diereprodukte of eiers nie. Dit is geskik vir streng vegetariërs en is halaal. Die rubberproppe van die entstofflessies bevat nie lateks nie.

Hoe sal die entstof gegee word?

Jy sal 'n inspuiting in jou boarm kry. Die Johnson & Johnson-entstof is 'n enkeldosis, en die Pfizer/BioNTech-entstof is twee dosisse minstens drie weke uitmekaar. Beskerming begin sowat twee weke na die eerste inspuiting, maar dis die beste 42 dae na die enkele Johnson & Johnson-entstof en twee weke na die tweede Pfizer/BioNTech-entstof. Dis belangrik om te weet watter entstof jy gekry het sodat jy weet of jy weer moet gaan vir 'n tweede dosis as jy die Pfizer/BioNTech-entstof gekry het.



Is COVID-entstowwe veilig?



Alle COVID-entstowwe wat gebruik word, is verskeie kere getoets om veiligheid te verseker en is geskep om te kyk vir enige algemene nuwe-effekte. Veiligheidsmonitering word wêreldwyd versigtig bekendgestel saam met entstowwe, en alle ernstige nuwe-effekte word hersien deur onafhanklike wetenskaplikes van verskeie medikasie-veiligheids-agentskappe. In Amerika, is 'n uiters seldsame nuwe-effek van die Johnson & Johnson-entstof aangemeld in 8 mense uit 7 miljoen wat die enkeldosis ontvang het. Die nuwe-effek het behels klonte in ongewone are in die liggaam (brein, buik) saam met lae vlakke bloedplaatjies, 'n komponent van die bloedstroom wat gewoonlik help dat jou bloed stol en bloeding voorkom. Die nasionale Departement van Gesondheid en die Suid-Afrikaanse Regulerende Owerheid vir Gesondheidsprodukte (SAHPRA) moniteer die veiligheid van die entstowwe soos dit dwarsoor die land bekendgestel word, en vra dat mense wat die Johnson & Johnson-entstof ontvang, bewus moet wees van die simptome van hierdie uiters seldsame nuwe-effek.



Alle COVID-entstowwe wat gebruik word, is verskeie kere getoets om veiligheid te verseker en is geskep om te kyk vir enige algemene nuwe-effekte. Veiligheidsmonitering word wêreldwyd versigtig bekendgestel saam met entstowwe, en alle ernstige nuwe-effekte word hersien deur onafhanklike wetenskaplikes van verskeie medikasie-veiligheids-agentskappe. In Amerika, is 'n uiters seldsame nuwe-effek van die Johnson & Johnson-entstof aangemeld in 8 mense uit 7 miljoen wat die enkeldosis ontvang het. Die nuwe-effek het behels klonte in ongewone are in die liggaam (brein, buik) saam met lae vlakke bloedplaatjies, 'n komponent van die bloedstroom wat gewoonlik help dat jou bloed stol en bloeding voorkom. Die nasionale Departement van Gesondheid en die Suid-Afrikaanse Regulerende Owerheid vir Gesondheidsprodukte (SAHPRA) moniteer die veiligheid van die entstowwe soos dit dwarsoor die land bekendgestel word, en vra dat mense wat die Johnson & Johnson-entstof ontvang, bewus moet wees van die simptome van hierdie uiters seldsame nuwe-effek.



Wat is die algemene nuwe-effekte van die entstowwe?

Algemene nuwe-effekte is pyn en rooiheid in die boarm waar jy ingespuit is, hoofpyn, en om siek, moeg en koorsig te voel. Hierdie nuwe-effekte begin gewoonlik sowat 6 uur nadat die entstof ontvang is, bereik 'n hoogtepunt teen 24 uur en word gewoonlik binne 2 tot 3 dae beter. Nuwe-effekte kom meer algemeen voor in jonger mense en mense wat reeds COVID gehad het. Jy kan parasetamol of 'n anti-inflammatoriese middel gebruik as jy moet.



Wat is die seldsame nuwe-effekte van die entstowwe?



Dit is uiters ongewoon en affekteer gewoonlik sowat 1 tot 4 mense vir elke miljoen entstowwe wat toegedien is. Sommige mense ervaar 'n ernstige allergie op die entstof, soms as anafilakse. Dit gebeur gewoonlik binne die eerste 15 minute na die entstof en kan hanteer word deur medikasie te gebruik wat by die inentingspersele beskikbaar is. Voorsorgmaatreëls kan getref word in mense met 'n ernstige geskiedenis van allergieë, so bespreek dit asseblief met jou gewone dokter of die personeel by die inentingsperseel.

'n Uiters seldsame klontvormingstoestand kan voorkom na die Johnson & Johnson-entstof.

Dit kom gewoonlik voor as 'n hoofpyn wat nie wil weggaan nie, buikpyn, bene wat opswel of klein bloedkollertjies rondom die plek waar die inspuiting toegedien is sowat 5 tot 20 dae na die inenting. Die hoofpyn moet nie verwar word met die gewone hoofpyn na inenting in die eerste 1 tot 3 dae nie. As jy enige van hierdie simptome ontwikkel, kry asseblief dringend mediese hulp, en sê vir die dokter jy is onlangs ingeënt. Spesialiste in hierdie seldsame nuwe-effekte is beskikbaar om jou dokter te help om jou op die beste moontlike manier te hanteer. Ernstige nuwe-effekte soos hierdie kan skrikwekkend wees selfs al is dit uiters seldsaam. Dis belangrik om te onthou dat die risiko vir COVID die risiko vir hierdie nuwe-effekte oortref en veiligheidsagente dwarsoor die wêreld het die Johnson & Johnson- en Pfizer-entstof aanbeveel vir gebruik.

As ek na inenting siek voel, moet ek dit oorweeg om 'n COVID-toets te laat doen?

Verskeie algemene nuwe-effekte van die entstof is soortgelyk aan COVID-simptome. As jy 'n ligte koors, spierpyn, hoofpyn of uitputting ervaar, is dit waarskynlik weens jou liggaam se reaksie op die entstof. As jy 'n hoes, seer keel, 'n verandering in jou smaak- of reukvermoë ontwikkel, of as jy 'n koors van hoër as 38 °C het wat 'n hele paar dae aanhou, het jy dalk COVID en jy moet jouself isoleer en 'n toets laat doen. Die entstof meng nie in met die gewone COVID-toetse wat vir diagnose gebruik word nie soos die polimerasekettingreaksie(PCR)- en spoedige antigeentoetse.





Hoe is die entstof so gou gemaak?

Die COVID-entstof is vinniger as enige ander entstof in die mediese geskiedenis gemaak. Ondervinding met die SARS- en MERS-uitbreking (albei deur koronavirusse veroorsaak), vinniger vervaardiging, befondsing vir veelvuldige proewe en reguleerders wat vinniger as voorheen beweeg, het die proses baie vinniger laat geskied. Die genetiese materiaal van die virus wat COVID veroorsaak is in Januarie 2020 aan alle wetenskaplikes oor die wêreld heen beskikbaar gestel sodat werk aan 'n nuwe entstof baie vroeg begin het.

Wat om te verwag

Wanneer is dit my beurt om die COVID-entstof te kry?

Inenting het begin met mense wat die grootste risiko vir COVID het weens hul werk, ouderdom of gesondheid. Inenting is nou oop vir almal wat 12 jaar oud en ouer is.

Hoekom moet my kind (12 tot 17 jaar oud) teen COVID ingeënt word?

Die entstof kan help om jou kind en familie teen COVID te beskerm. Die wetenskap toon dat kinders met die virus aangesteek kan word en die virus na ander mense kan versprei.

Watter COVID-entstof sal my kind kry?

'n Enkeldosis van die Pfizer/BioNTech-entstof sal tans vir die ouderdomsgroep 12 tot 17 jaar gegee word.

Is hierdie COVID-entstof veilig in kinders?

COVID-entstowwe is in hierdie groep getoets en gemonitor net soos in volwassenes. Hulle kan dieselfde nuwe-effekte soos volwassenes ervaar, maar dit hou net 'n paar dae aan.

Het ek die entstof nodig as ek al COVID gehad het?

Ja, jy moet nog steeds ingeënt word as jy reeds COVID gehad het of as jy 'n positiewe teenliggaamtoets gehad het. Ons weet tot dusver dat die natuurlike immuniteit wat jy kry as jy COVID gehad het dalk nie lank sal aanhou of beskerming bied wat so goed is as na inenting nie. Die inenting sal enige reaksie versterk wat jou immuunstelsel in plek stel na 'n vorige COVID-infeksie.

Jy moet vir 30 dae wag nadat jy positief getoets het vir COVID of simptome begin het voordat jy die entstof kry. As jy weens COVID in die hospitaal opgeneem is, praat asseblief met jou dokter oor wanneer dit veilig vir jou sou wees om die entstof te kry.



Het ek die entstof nodig as ek al COVID gehad het?

Ja, jy moet steeds ingeënt word as jy reeds COVID gehad het of as jy 'n positiewe teenliggaamtoets gehad het. Ons weet tot dusver dat die natuurlike immuniteit wat jy kry as jy COVID gehad het dalk nie sal aanhou of beskerming bied wat so goed is as na inenting nie. Die inenting sal enige reaksie versterk wat jou immuunstelsel in plek stel na 'n vorige koronavirus-infeksie.

Jy moet vir 4 weke wag nadat jy positief getoets het vir COVID of simptome begin het voordat jy die inenting kry. As jy weens COVID in die hospitaal opgeneem is, spreek asseblief jou dokter oor wanneer dit veilig vir jou sou wees om die entstof te kry.



Kan ek die entstof kry as ek COVID-simptome het?

As jy COVID gehad het, moet jy vir 30 dae wag nadat jou simptome begin het. As jy tans COVID-simptome het wat in die afgelope 7 dae begin het, kan jy verwys word vir 'n toets, en die inenting kan geherskeduleer word.

Gaan voort om jou masker te dra wanneer jy binne is, om jou afstand te behou van ander mense, vensters en deure oop te maak, en jou hande en voorwerpe wat dikwels aangeraak word gereeld te ontsmet of was, voor- en selfs nadat jy ingeënt is. Ons weet nog nie of die entstof oordrag stopsit nie, so dis belangrik om veilig te bly en hierdie reëls vir goeie higiëne te volg.

Is dit veilig om 'n entstof te kry as ek 'n onderliggende mediese toestand het?

As gevolg hiervan, moet jy dit oorweeg om so as moontlik ingeënt te word. Daar is 'n paar spesiale oorwegings vir mense wat sekere toestande het, maar geen onderliggende mediese toestand verhoed jou om ingeënt te word nie:

- **Allergie:** As jy in die verlede 'n ernstige allergie of anafilakse gehad het op 'n inenting, medikasie of kos, moet jy met jou gewone dokter praat voordat jy die entstof ontvang. Die risiko vir ernstige allergiese reaksies op enige van die COVID-entstowwe is baie laag, kan maklik hanteer word en is ver beter as die risiko om COVID te kry.
- **Lang COVID:** Inenting sal ekstra beskerming bied naas die natuurlike immuniteit wat dalk jy reeds het. Net as jy ernstig verswak is, steeds aktief ondersoek word, of onlangs vererger het, moet jy dit oorweeg om inenting uit te stel. Dit is om te vermy om 'n reaksie op die entstof met enige verandering in jou toestand te verwar.
- **Bloedversteurings:** soos met enige inspuiting is daar 'n klein risiko vir bloeding op die plek waar die inspuiting toegedien is. Praat met jou gesondheidsorgwerker oor jou toestand sodat sy of hy voorsorgmaatreëls kan tref soos om verlengde druk toe te pas na die inspuiting.
- **Stollingswerende medikasie (soos warfarin):** soos met enige inspuiting, is daar 'n klein risiko vir bloeding op die plek waar die inspuiting toegedien is. Solank jy op datum is met jou geskeduleerde internasionale genormaliseerde verhouding (INR)-toetse en jou laaste INR was onder die boonste drempel van jou terapeutiese omvang, kan jy die entstof veilig ontvang. Die seldsame klontvormingstoestand wat beskryf word na die Johnson & Johnson-entstof word teweeg gebring deur verskillende bane as gewone klontvormingsprobleme. Mense met ongewone klontvormingsprobleme het 'n verhoogde risiko om klonte te ontwikkel gedurende 'n infeksie met COVID, en word aangespoor om inenting te laat doen. As jy enige vrese het, praat met jou gewone gesondheidsorgverskaffer of personeel by die inentingsperseel.
- **Immuunonderdrukkende aandoenings (soos MIV, kanker of die gebruik van immuunonderdrukkende terapie):** Immuunonderdrukkende versteurings insluitend MIV, ongeag CD4-telling, is nie 'n rede om inenting te weier nie. Net soos enigiemand anders wat die entstof kry, moet jy steeds die algemene COVID-beskermingsmaatreëls nakom na inenting.




Kan ek die entstof kry as ek swanger is of borsvoed?

ontwikkende baba of swangerskap getoon nie. Meer as 148 000 swanger vroue in Amerika is ingeënt sonder enige veiligheidskwessies. COVID is gevaarliker in swanger vroue, veral na die einde van die swangerskap toe. Swanger vroue wat ouer is of hoë bloeddruk, diabetes, vetsug, TB of onbehandelde MIV het, is veral in gevaar. Ons moedig swanger en borsvoedende vroue aan om met hul gesondheidsorgverskaffer te praat en so gou as moontlik ingeënt te word.

Ek het na my inenting my teenliggaampies laat toets en die toetsuitslae het gewys ek het geen nie.

Daar is geen rede om bekommerd te wees nie. Teenliggaamtoetse wat kommersieel beskikbaar is, is nie ontwerp om entstof-spesifieke teenliggaamreaksies te toets nie en toets vir die n-proteïen (nukleokapsied), en nie die piekproteïen nie. Om hierdie rede stel ons nie teenliggaamtoetse na inenting voor nie. 'n Negatiewe teenliggaamtoets beteken nie jy is nie beskerm nie. Jy hoef nie weer ingeënt te word nie.



Wat kan ek nou doen om te help om myself teen COVID te beskerm totdat ek ingeënt kan word?

Gaan voort om jou masker te dra, behou jou afstand van ander mense, maak vensters en deure oop en ontsmet of was jou hande gereeld, voor- en selfs nadat jy ingeënt is. Hoewel die nuutste bewyse suggereer dat inenting die vermoë het om verspreiding te verminder, is dit steeds belangrik om veilig te bly en hierdie reëls vir goeie higiëne te volg.

Wat is 'n versterkdosis van die COVID-entstof? Wie kom in aanmerking om dit te kry?


'n COVID-entstof-versterkdosis is 'n dosis van die entstof wat gegee kan word nadat 'n volledige inentingskedule voltooi is (twee dosisse van die Pfizer/BioNTech-entstof of 'n enkelvoudige dosis van die Johnson & Johnson-entstof) om die immuunreaksie te versterk.

Enige volwassene (persoon wat ouer as 18 jaar is) wat die primêre dosis J&J of die primêre twee dosisse Pfizer ontvang het, kom in aanmerking vir 'n COVID-versterkdosis. Diegene wat J&J ontvang het, kan na 60 dae en weer na nog 90 dae 'n versterkdosis van óf J&J óf Pfizer ontvang. Diegene wat Pfizer ontvang het, kan na 90 dae 'n versterkdosis van óf J&J óf Pfizer ontvang. Immunoonderdrukte individue kom in aanmerking vir addisionele dosisse indien dit deur hul dokters aanbeveel is.

Hoe om jou vrese te besweer


Sal die entstof my DNA verander?

Nee, die entstof sal nie 'n uitwerking hê op jou DNA nie. Bewyse toon dat sommige entstowwe gemaak word deur RNA-tegnologie te gebruik, maar die tegnologie wat gebruik word, het 'n uitwerking op hoe die entstof gemaak word, nie wat dit aan jou liggaam doen nie.



Is daar 'n mikroskyfie in die entstof?

Daar is geen bewyse dat daar mikroskyfies of opspoorders in enige van die entstowwe is nie. Om ingeënt te word, beteken nie dat jy nagespoor sal word of dat enige van jou persoonlike inligting gesteel sal word nie.



Ek is nie seker of ek ingeënt moet word nie. Moet ek dit regtig doen?

Onsekerheid en twyfel oor die entstof sal op ons almal 'n impak hê. As te min van ons kies om ingeënt te word, raak meer mense siek. As meer van ons ingeënt word, raak minder mense siek. Jy kan navorsing doen deur betroubare bronne of Wes-Kaapse Regering se amptelike Facebook-blad te volg vir redes vir en inligting oor die entstof.



Onthou: Of jy 'n gesondheidsorgwerker of 'n lid van die algemene publiek is, dis jou besluit of jy ingeënt wil word of nie. Jou keuse sal gerespekteer word.



Wes-Kaapse
Regering
VIR JOU

Gesondheid en Welstand

